



*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

[aesearch@umn.edu](mailto:aesearch@umn.edu)

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

## DIE BEPALING VAN DIE REALITEITE VAN VOEDSELBEMARKING IN DIE KAAPSE PLAKKERGEMEENSKAPPE

AS Myburgh

Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch

### Uittreksel

Die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van voedsel vir 'n gemeenskap word in 'n groot mate bepaal deur die betrokke voedselbemarkingstelsel. Die realiteite van voedselbemarking in die plakkergemeenskappe van Kaapstad word bespreek. Hierdie marksegment word bykans uitsluitlik bedien deur die informele voedseldistribusiehandel binne die geografiese grense van die gebied. 'n Verspreide netwerk van sphazas en varsproduktehandelaars (vleis, groente en vrugte), wat aangepas is by die plaaslike omstandighede en die besondere behoeftes van die gemeenskappe, funksioneer hier. Die handelaars is egter ekonomies tenger en hul skakeling met die Eerstewêreldse landbouemarkingstelsel problematies.

### Abstract

The availability and affordability of a community's food are to a large extent determined by the relevant food marketing system. The realities of food marketing in the squatter settlements of Cape Town are discussed. This segment of the market is almost exclusively served by the informal distributive trade within the area. A dispersed network of sphazas and fresh produce traders (meat, vegetables and fruit), well adapted to local conditions and the particular needs of the community, is in operation. The traders are economically fragile and their linkage with the First World agricultural marketing system is problematic.

### 1. Inleiding

Voedselsekuriteit behels basies die beskikbaarheid van bekostigbare voedsel aan almal. 'n Analise van voedselsekuriteit verg dus 'n ondersoek na die 'beskikbaarheid', 'bekostigbaarheid' en 'almal'. Produksie kry altyd die klem vir sover dit beskikbaarheids ondersoek aangaan (verwys na Louw, 1990 se verwysingslys), terwyl 'bekostigbaarheid' en 'almal' uitgedruk word in geaggregeerde nasionale statistieke van pryselastisiteit van vraag, inkomelastisiteit van vraag en per capita inkomelastisiteit van verbruik, gedifferensieer langs bevolkingsgroep lynê.

Die distribusiefunksie van en die koste binne die bemarkingstelsel van voedselprodukte speel in Suid-Afrika egter 'n bepalende rol in voedselsekuriteit. Seer sekerlik is die bemarkingsmarge van bykans 60% (Direktoraat Landbou-ekonomiese Tendense, 1992:104), wat enersyds die produk is van die effektiwiteit van die bemarkingstruktuur en sy funksionering en andersyds die aard van verbruikersgedrag in terme van ingeboude dienste en ander kultuurverbonde voorkeure weerspieël, bepalend met betrekking tot die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van voedsel. Verder is nasionale statistieke oor 'bekostigbaarheid' en 'almal' ongepas om voedselsekuriteit uit te beeld, want dit impliseer 'n homogeniteit wat onwerklik is. Statistieke behoort ook op sosio-ekonomiese en geografiese basis gespesifiseer te wees en nie op basis van velkleur soos tans die geval is nie. Dit is nodig om die eilande van voedsel-onsekuriteit in die see van oorvloed te identifiseer en aan te spreek, want soos die watervlak daal (gebreklike ekonomiese groei en toenemende werkloosheid) word hierdie eilande groter en meer relevant. Van hierdie eilande is dan ook reeds lankal deur die ontwikkelingsbroederskap geïdentifiseer as die sg. agtergeblewe plattelandse landbougebiede waar onder andere die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika

deur sy "farmer support programme" poog om op streeksbasis die twee kante van die voedselvergelyking te balanseer (Van Zyl & Coetzee, 1990:105-116). Die afgelope paar jaar se massaverstedeliking van mense hoofsaaklik vanuit hierdie gebiede, het van wat in die verlede slegs 'n plattelandse produksieprobleem was, nou 'n stedelike bemarkingsprobleem gemaak, aangesien die stedeling totaal van die mark afhanklik is vir sy voedselvoorsiening. In 'n era van gebrekkige ekonomiese groei het hierdie snelle verstedeliking aanleiding gegee tot 'n hoë werkloosheidskoers en die ontstaan van eilande van stedelike gemeenskappe wat uit 'n Westerse oogpunt as Derdewêrelds beskou kan word.

Hoe hierdie Derdewêreldse marksegment skakel met sy eksterne omgewing en hoe dit intern funksioneer met betrekking tot voedselverkryging, distribusiehandel en verbruik, is tans nie algemeen bekend nie. Daar is nou 'n begin gemaak met navorsing wat die nodige lig sal werp op die aard en wese van die determinante van voedselsekuriteit in hierdie gemeenskappe. Die plakkergemeenskappe van Kaapstad is vir hierdie studie geselekteer. Die doel van hierdie referaat is nie om volledig die prosedure en resultate tot op hede hier te bespreek nie, maar eerder om die betrokke navorsing in perspektief te stel en om ander navorsing op dié terrein te help rig.

### 2. Spesifikasie van die studiegebied

Onder die ou apartheidswette was die swart stedeling beperk tot gespesifiseerde woongebiede soos Langa, Guguletu en Nyanga. Die latere skrap van hierdie wette saam met verswakende ekonomiese toestande het gelei tot die versnelde toename in verstedeliking en het nuwe woonareas rondom veral Guguletu en Nyanga vinnig uitgebrei. Hierdie uitbreidings was aanvanklik uit die oogpunt van plaaslike owerhede as onwettig en wanor-

delik beskou, vandaar die begrip onwettige plakkery. So het Crossroads, KTC, Brown's Farm en later New Crossroads, Nyanga Extension en Miller's Camp elke moontlike stuk oop grond naby die bestaande Guguletu en Nyanga ingeneem. Die betrokke owerhede het gepoog om die toestand te beredder deur formele behuisingprojekte en die verskaffing van die nodigste dienste in hierdie gebiede. Dit was gou duidelik dat dit 'n verlore stryd was, want oorspoeling het begin plaasvind in 'n gebied suid-oos van die Philippi Industriële Gebied. Site C, Site B en Khayelitsha is toe geproklameer waar gedienste persele (paaie, 'n waterpunt en riool) op groot skaal geskep is. Terwyl die formele behuisingprojekte ook daar voortgesit is. Tussen word ook al hierdie gebiede reeds omsom deur nuwe aankomelinge wat plak op private en openbare grond, buffersones en natuurreservate.

Die gebied huisves bykans uitsluitlik swartes wat as plakkers in die gebied vestig. Die inwoners is relatief nuwe immigrante in die stedelike omgewing en is meesal afkomstig uit die platteland, hoofsaaklik die Transkei en Ciskei. Die populasie het sedert 1985 meer as verdubbel tot bykans een miljoen (Dewar en Watson, 1990) en is tans ongeveer 'n derde van die totale populasie van die Groter Kaapstad. Volgens skattings van Wesgro (Bridgman, et al, 1990:39) was slegs 31 persent van die swart werksmag in die Kaapse Metropool formeel in diens, openlike werkloosheid was 22 persent, terwyl oorlewings-selfindiensname ("survivals") en informele sektor indiensname onderskeidelik 31 persent en 16 persent was. Lae ekonomiese groei en verdere verstedeliking het hierdie toestand die afgelope twee jaar verder laat verswak.

Geografies skakel die gebied in as 'n wig in die Groter Kaapstad. Dit ontwikkel op die suid-oos aslyn en lê op dieselfde straalafstand vanaf die Kaapse Middestad as Durbanville en Bellville. Die gebied word bedien met 'n moderne padstelsel en 'n spoorlyn. Dit word begrens deur die N2 snelweg, ander woongebiede en verskeie industriële gebiede. Ekonomiese skakeling, ook wat voedselvoorsiening betref, behoort dus moontlik te wees.

### 3. Doelstelling van die ondersoek

Die aanvanklike doelstelling was om te bepaal tot watter mate die Eerstewêreldse landbou- en voedselbemarkingstelsel die verbruikers in hierdie marksegment bedien volgens hul behoeftes en voorkeure. Die hipotese was dat die struktuur en funksionering van die Eerstewêreldse stelsel aangepas moes word om verskeie onderskeidende karakteristieke van dié marksegment te akkommodeer:

- Uiteers lae vlak van besteebare inkomste;
- geen elektrisiteit vir voedselopberging en voorbereiding;
- kultuurverbonde voedseltradisies en -voorkeure;
- pas verstedelik en onaangepas by stedelike voedseldistribusie en -handelstelsels;
- verskille in persepsies van kwaliteit;
- verskille in voorkeure met betrekking tot voedseltipes, produk vorm en aard en omvang van ingeboude dienste in voedsel;
- geen eie vervoer.

Hierdie lys kan uitgebrei en volledig gespesifiseer word vir spesifieke voedselgroepe soos vleis, vrugte, groente en melk.

Na voorondersoek is die doelstelling uitgebrei om ook die volgende dimensies in te sluit:

- (i) Die struktuur van die bestaande voedselhandel in die plakkergebiede in terme van deelhouers, omvang, ontwikkeling en aanpassing;
- (ii) die funksionering van dié voedselhandel in terme van aankope, distribusie, produk vorm, verkope en prysstelsels;
- (iii) skakeling met die formele voedselhandel en spesifiek landbou-aanbod;
- (iv) die invloed van (i) en (ii) op die eksterne omgewing veral ten opsigte van besoedeling en gesondheidsaangeleenthede;
- (v) die invloed van die eksterne omgewing in terme van bestaande statutêre regulasies, die formele voedselhandelstruktuur en die funksionering daarvan op (i), (ii) en (iii).

Dit het gerade gelyk om die ondersoek op produk basis te loods aangesien die struktuur en funksionering van die voedselhandel in die plakker gemeenskappe tot 'n groot mate produkgedifferensieerd is.

### 4. Bemerkingsnavorsing in 'n plakker gebied

Die versameling van empiriese data in 'n plakker gemeenskap verg 'n aangepaste en 'n veranderlike navorsingsmetodiek. Beskikbare statistieke van selfs die mees basiese is ten beste iemand anders se skattings en varieer meesal met tot 'n paar honderd persent. Noodwendig moet daar dus op grondvlak data-insameling gedoen word en dit is dan ook meesal hier waar probleme voorkom en aanpasbaarheid noodsaaklik is. Westerse en Eerstewêreldse persepsies van die navorsingsbeplanners -opnemer in die veld verwring hier maklik die werklikheid waarna gesoek word. Ondervinding toon dat dit nodig is om tot ses maande in noue verbintenis met die gemeenskap te lewe, waartydens gereelde persoonlike skakeling moet plaasvind en aanvaarding opgebou word alvorens respondente geneë is om spontaan en eerlik op vrae te reageer en daar dus agter die werklikheid gekom kan word. Susisie en wantroue laat nie antwoorde op meer as een of twee vrae deur 'n onbekende toe nie. Uitsonderings hier is die vriendelikheid en spontaneïteit van lede van die Rasta gemeenskap.

Sosiale en ekonomiese onstabiliteit in die gemeenskap het tot gevolg dat respondente nie altyd gevestig is nie en opvolging en kontinuïteit word daardeur bemoeilik. Indien respondente enigsins vermoed dat die navorser een of ander vorm van hulp (finansiële, ontwikkelings- of fasiliteite) kan aanbied of dat die ondersoek daartoe sal lei, is die antwoorde op vrae meesal vooringenome.

'n Onopsigtelike bandopnemer en 'n opnemer wat die vraeboek memoriseer het en dit dan in algemene gespreksverband met respondente deurwerk, vervang geskrewe vraelyste (pos- en telefoon vraelyste is natuurlik buite die kwessie). Die opnemer moet verkieslik die moedertaal van die respondente vlot kan praat en sosiaal met hulle kan verkeer.

Persoonlike veiligheid van navorsers in die veld plaas 'n voortdurende spanning op die navorsingsproses. Geweld (politieke, faksie en ekonomiese) en die gepaardgaande misdaad, veroorsaak dat die ondersoekgebiede vir weke, maande of selfs langer ontoeganklik is vir navorsers. Dit

maak die beplanning van navorsing baie moeilik en dus ook die nakom van verpligting verbonde aan befondsing.

## 5. Die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van voedsel

Daar is 'n aantal karakteristieke van die voedselbemarkingstelsel in die plakkergebiede wat klaarblyklik die beskikbaarheid en die bekostigbaarheid van voedsel wesenlik beïnvloed.

Alle gegewens dui daarop dat die inwoners bykans al hul voedselaankope binne die gebied doen. Van die redes hiervoor is:

- Die koste van vervoer na winkels buite die gebied regverdig nie so 'n stap nie;
- daar is gewoonlik nie plek in die reeds oorvol taxi vir veel inkopies nie;
- pryse van voedsel binne die gebied is mededingend;
- weens lae inkomste en ander redes word voedselaankope op 'n daaglikse basis gedoen en selfs meer as een keer per dag;
- inwoners voel veiliger met geld/inkopies in hul besit binne hul kleiner woongemeenskap waar almal mekaar ken;
- ten tyde van onrus en geweld is beweging na buite die woongebiede beperk.

Die plaaslike voedselhandel is dus bepalend vir sover dit voedselsekureit in die gebied aangaan.

Daar is geen supermarkte of ander Eerstewêreldse winkels in die plakkergebiede nie, maar wel 'n geografies verspreide sphaza stelsel wat die hele gemeenskap bedien. In bykans elke straat of steeg is een of meer sphaza met kruideniersware en min inwoners hoef meer as 100 meter te loop na sy naaste sphaza.

Die sphaza vorm deel van die eienaar se woonplek en word meesal uit een van die vertrekke van die plakkershut bedryf. Die grootte wissel van niks meer as 'n negosiekis met enkele populêre items tot winkeltjies met elektrisiteit en rakke vol voorrade. Hierdie sphazas doen hul aankope by "Cash and Carry" groothandelaars soos Metro en Makro wat buite, maar naby die plakkergebied geleë is.

Varsprodukte soos vleis; groente en vrugte word ook uitsluitlik deur informele handelaars verskaf. Ook hier is daar 'n groot aantal wat reg deur die gebied versprei is met 'n variasie in die omvang van werksaamheid. By varsprodukte is daar egter die neiging om ook nog 'n konsentrasie van handel by plekke van samedromming soos by spoorwegstasies, bushaltes en taxi-staanplekke te kry.

Alhoewel enkele produsente skape op 'n ongereelde basis aan handelaars lewer, word dit hoofsaaklik aangekoop by kleinboewes in die omgewing. Dit word op die sypaadjie waar verkope plaasvind, geslag. Daar is bykans geen distribusie van geslagte karkasse binne die gebied nie. Beesslagtings is die uitsondering en spesifieke snitte beesvleis (T-been en prima-rib), aangekoop by formele kleinhandelsslaghuisse in omliggende gebiede, word in sekere dele van die gebied te koop aangebied. Vleisverkope gaan meesal gepaard met braaigeriewe en die verkoop van gebraaide vleis. Hierby is weereens 'n groot aantal klein ondernemers betrokke. Vleishandelaars koop uitsluitlik groot en vet wolskape teen 'n prys ongeveer 'n derde hoër as die bruto veilingsprys by die

Maitland Abattoir en verkoop die vleis 'n derde goedkoper as formele kleinhandelsslagers in nabygeleë voorstede.

Afval (meesal skaapkoppe en beespense) afkomstig vanaf die formele vleisbemarkingskanaal word sporadies op sentrale plekke in die plakkergebied beskikbaar gestel. 'n Groot aantal vroue koop hier groot emmers vol daarvan en distribueer dit deur die hele gebied waar hulle dit dan weer rou, halfgaar of gaar te koop aanbied.

Die vrugte- en groentehandel is hoofsaaklik in die handel aan die Rasta gemeenskap. Die vrugte- en groentehandel vertoon 'n groot diversiteit in omvang en aard van ondernemings en werksaamheid. Verskeie groente en vrugtestalletjies wat 'n relatief volledige produkreeks dra se omset wissel tussen R200 en R400 per dag met 'n netto wins van nul tot R100. Die meerderheid groente en vrugtehandelaars se werksaamheid is egter beperk tot die verkoop van een kis appels of een of twee sakkies aartappels of lemoene per dag. Enkelprodukt handelaars kom ook voor en hul besigheid is so seisoenaal soos die produk self. Aankope word bykans uitsluitlik by die Epping Nasionale Varsproduktemark gedoen en sporadies by smouse wat produkte tydens oeseisoene uit produksiegebiede bring. Die verkoopprijs van groente en vrugte in die plakkergebiede is 25% laer as dié van supermarkte in die omgewing.

Binne die gebied kom voedselbemarking dus naby aan 'n volkome vryemark. Daar is groot getalle aanbieders en 'n opmerkbare uniformiteit in pryse met lae winsgrense. Merkwaardig is die verskynsel dat handelaars mekaar help om 'n besigheid te begin en om dan langs mekaar handel te dryf in dieselfde produk. Hul persepsie van mededinging is on-Westers en kan sover slegs verklaar word aan die stryd om basiese oorlewing wat daagliks hier gevoer word.

Dit is bevind dat die oorgrote meerderheid van die handelaars van varsprodukte ekonomies baie tenger is. Vir baie beteken die verlies van een dag se besigheid broodsgebrek vir 'n familie van ses. Geweld en misdaad het dan ook geen geringe invloed op die voortbestaan van hierdie reeds kwesbare "survivals" nie. Die meeste handelaars het geen vorige ondervinding of opleiding in besigheidvoering nie en is deur werkloosheid en ekonomiese nood gedruk tot selfdiensname in hierdie sektor waar toetrede relatief maklik is. Daar is egter om verskeie redes net so 'n groot uitrede uit die sektor. Die verkryging van daaglikse voorrade is vir hierdie groep "survivals" problematies weens 'n gebrek aan eie vervoer, tyd vir aankope en kapitaal. Self stel hulle egter die verkryging van goedkoop produkte as hul grootste behoefte.

Tog vorm hulle die noodsaaklike skakel tussen die Derdewêreldse verbruikersmark in die plakkergebiede en die Eerstewêreldse landbouemarkingstelsel daarbuite. In die geval van vleis is daar bykans geen skakeling met die formele vleisbemarkingstelsel nie, in teendeel, die formele vleishandel beskou die informele handel in vleis in die plakkergebiede as totaal onwettig. Wat groente en vrugte betref moet die handelaars skakel met die Epping mark wat nie spesifiek voorsiening maak vir hul besondere behoeftes of vir die voorkeure (in terme van verpakking en kwaliteit) van die verbruikersmark wat hulle bedien nie.

Die handelaars is inwoners binne die gemeenskap en goed aangepas by 'n mark van lae inkomste verbruikers met nog sterk plattelandse en tradisionele behoeftes en

voorkeure in verskillende stadiums van geforseerde integrasie met stedelike gewoontes. So word 'tegniese oortredings', die oortreding van Eerstewêreldse statutêre regulasies en wette met die oog op oorlewing, nie deur die gemeenskap as 'n misdaad beskou nie. Dit is dan ook besoedelings-, higiëne- en gesondheids wette en regulasies wat hier gereeld nie die toets van die gemeenskap deurstaan nie. Die handelaars beskik uiteraard ook oor die mobiliteit wat vereis word wanneer hele gemeenskappe fisies beweeg vanaf onwettige plakkerareas na wettige areas en weer daarvandaan na gedienspersele, iets wat hier voortdurend plaasvind.

## 6. Afleidings

Ten spyte van die gevaar verbonde aan interim gevolgtrekkings kan 'n paar belangrike afleidings met moontlike beleidsimplikasies reeds op hierdie stadium gedoen word:

- Die stedelikgekonsentreerde Derdewêreldse verbruikersmark in Suid-Afrika is 'n realiteit, dit is groeiend en behoort een van die fokus-punte te wees in enige voedselsekureitstrategie;
- alhoewel dit geografies geïntegreer is in die groter stadskompleks, is hierdie marksegment fisies en ekonomies grootliks geïsoleer en is die voedseldistribusiehandel wat dit bedien eiesoortig en afsonderlik;
- die fisiese en ekonomiese omstandighede van die verbruikers is tot so 'n mate eiesoortig dat 'n unieke voedselbemarkingstelsel, deur vraag gedryf, hier tot stand gekom het;
- die voedselhandelaars het as produk van die spesifieke omstandighede spontaan ontstaan en is daarom op die bes moontlike wyse aangepas om die mark te bedien. In dié sin is die bestaande voedselhandel lewensnoodsaaklik vir die verbruikers in die gebiede;
- die handelaars is egter ekonomies tenger en enige verandering soos byvoorbeeld in die beskikbaarheid van produkte, mededinging vanuit die formele sektor, die toepas of ophef van betrokke statutêre regulasies, die beskikbaarstelling of wegneem van fasiliteite of enige tipe ontwikkelingsaksies kan hulle drasties beïnvloed. Daar dien op gelet te word dat die handelaars in dié opsig ook geensins homogeen is nie;
- aansluitend hierby blyk dit dat beleidsaksies eerder moet konsentreer op die verwydering van struikelblokke soos deur die handelaars self

geïdentifiseer, om daardeur ruimte vir hul natuurlike evolusie te skep, as om voorskriftelike ontwikkelingsaksies deur te voer;

- weens die feit dat hierdie handelaars nie geografies permanent gevestig is nie en ook soms slegs tydelik in die besigheid is met nuwes wat daagliks aansluit, kan verantwoordelikheid vir of teenoor plaaslike of sentrale owerheidsfasiliteite, reëlins en/of ooreenkomste nie geredelik op gereken word nie. Dieselfde geld vir private handelsooreenkomste, kredietvoorsiening en ander ontwikkelingshulpaksies;
- die tergende vraag ontstaan of daar in Suid-Afrika twee verskillende stelle voedselhigiënewetgewing toegepas behoort te word, een vir die Eerstewêreldse en 'n ander vir die Derdewêreldse mark, want die streng toepassing van die huidige wetgewing kan die totale voedselverskaffingstelsel in plakkergemeenskappe vernietig en voedselpryse daar die hoogte laat inskiet;
- die noodsaaklikheid van die goedkoopste moontlike voedsel op verbruikersvlak in hierdie marksegment genoodsaak 'n beter aangepaste skakel met die formele voedselbemarkingskanaal en verkieslik by 'n punt veel nader aan die primêre produsent;

## Verwysings

- BRIDGMAN, DHM, PALMER, I & THOMAS, WH. (1992). South Africa's leading edge? A guide to the Western Cape economy. WESGRO, Kaapstad.
- DEWAR, D & WATSON, V. (1990). The issue of size and growth of Cape Town. Urban Problems Research Unit, UCT, Kaapstad.
- DIREKTORAAT LANDBOU-EKONOMIESE TENDENSE. (1992). Kortbegrip van Landboustatistieke. Departement van Landbou, Pretoria.
- LOUW, AH. (1990). 'n Perspektief op die aanbod van voedsel in Suid-Afrika met spesiale verwysing na voedselsekerheid. M.Sc. (Agric.)-tesis, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- VAN ZYL, J & COETZEE, GK. (1990). Food security and structural adjustment: Empirical evidence on the food price dilemma in South Africa. Development Southern Africa, Vol 7, No 1:105-116.